# Liturgiese Riglyne

**<u>S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30</u>**

LEIERSKAP

## Vier klein dingetjies op aarde met buitengewone wysheid

*"Sprinkane het nie 'n koning nie en tog trek die hele swerm in formasie."*

**<u>Skriflesing</u>:**
Spreuke 30:24-28
Joël 1: 1-20
**<u>Teksvers</u>:**
Spreuke 30:27;
Joël 1: 4,14,16,20a
**<u>Sing</u>:**
Ps 84-1:1,2
Sb 12-3:1-4
Ps 103-1:1,10
Ps 118-1:13
Ps 89-1:1,7
Sb 13-3
**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond, Jacques Silvis
**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Miskien het van u al 'n sprinkaanplaag gesien. Dit is miljoene der miljoene der miljoene sprinkane wat in 'n rigting trek en elke liewe groenigheid opvreet en wat agterbly is net die kaal veld. Dit is verskriklik wat sulke sprinkaanswerms aan die natuur kan doen. So lees ons van die agtste plaag in Ex 10, die sprinkaan-plaag wat Egipte verwoes het. Die sprinkaan is sekerlik een van die klein diertjies, insekte, wat die mees onheilspellendste een vir Israel was. In die boek Joël word die nasie wat Israel sal aanval vergelyk met 'n sprinkaanswerm. Die vergelyking is skrikwekkend. Maar die sprinkane word in Spreuke beskryf met buitegewone wysheid. Daarom gaan dit nie oor 'n natuurles nie, maar oor die wysheid van sprinkane wat nie eers 'n leier het nie. Ons gaan na drie sake kyk:

- Geen leierskap vir sprinkane nie. Spreuke 30:27
- Aardse leierskap vir die mens. 1 Samuel 12:12-14,24
- Geestelike leierskap vir die gelowiges. Efesiërs 1:22,23

**<u>S O N D A G A A N D 18:00</u>**

## Die 2e gebod: Hoe die onsienlik God gedien wil word

(geen eiewillige godsdiens nie)

**<u>Skriflesing</u>:** Eks 20:1-6
Kol 1:14-23; 2 Kor 3:18
**<u>Teksvers</u>:**
Eks 20:4-6 (2 Kor 3:18)
**<u>HK</u>**: Sondag 35
**<u>Sing</u>:**
Ps 92:1,2,3
Ps 25:1,2
Ps 97:1,4,7
Ps 150:1,3
Sb 13-3
**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Orrelis**: Mariki Lessing
**Prediker**:
Ds Maarten van Helden

Die eerste gebod leer ons WIE ons moet – die Here, God alleen, want daar is nie ander gode nie. Die tweede gebod leer ons HOE ons hierdie God moet dien en hoe nie! In kort verbied God enige eiewillige vorm van godsdiens en gebied (leer) ons om voortdurend te vra of ons godsdiens werklik vir die Here aanneemlik is. As God dan die Onsienlike is, kán en mág ons nie karikatuurbeelde van Hom maak of maar net doen waarvan ons hou nie.

Die Woord staan sentraal in die erediens – nie net die prediking nie, maar ook alles wat ons daar aan God aanbied. Die erediens is egter die voorloper van ons daaglikse lewensliturgie, om alles elke dag te doen "*soos vir die Here*". Vra jou dus voortdurend af of dit wat jy doen vir Hom aanneemlik is (Ef 5:10). Dan sal ons nie beelde van God maak nie, maar eerder beeld van God wees!!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 45 Nr 37 4 Oktober 2020**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# VEROOTMOEDIGING

**Psalm 51:18,19 (NAV)**

[18] "*'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie.* [19] *Die offer wat U wil hê, o God, is* ***verootmoediging****: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God."*

**Wat beteken verootmoediging?** Verootmoediging beteken om voor God neer te buig. Dit beteken om jou afhanklikheid van God te erken. Dit beteken om te erken dat jy is diep afhanklik van God se genade. Daarom dat Jesus ook aan ons leer in die bergpredikasie, **<u>Mat 5:3:</u>** "*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel..*" Maar ook 'n baie belangrike saak in verootmoediging is om te erken dat jy sondig is en sonde doen.

**Hoekom 'n algemene dag van verootmoediging?** Ons land en die hele wêreld is in 'n diepe nood vanweë die uitwerking van die Coronavirus. Baie van ons lidmate het die virus opgedoen en was gevolglik baie siek. As ons rondom ons kyk is daar steeds baie nood op maatskaplike, ekonomiese en kulturele gebied. Ons kinders lei onder die inperkings. Die kerk lei daaronder. Ons kan nog steeds nie in volle getalle die eredienste hou nie. Die katkisasie van die laerskoolkinders kon nog nie in aanvang neem nie. Dit is vir ons almal 'n lyding en opoffering.

**DAAROM verootmoedig** ons onsself voor die Here. Ons as gemeente saam en elke gelowige individueel moet daarom voor God in nederigheid buig om ons volkome afhanklikheid van God se genade te bely. Sonder God se genade en hulp en vergifnis kan ons nie lewe nie. Ons smag daarna om weer as gemeente voluit met al ons aanbidding en dienswerk God te dien. Ons smag daarna om weer as gemeente in lofsange uit te breek tot eer van God. Ons smag daarna om met harte vol ootmoed en berou voor God te verskyn. En dit is wat ons as gemeente en kerkverband ook vandag doen. Ons verootmoedig ons voor God. Ons bely ons afhanklikheid. Ons smeek vir genade. Ons wil steeds en al meer en meer in 'n lewende verhouding met God staan. Aan God al die eer en die lof en die aanbidding wat Hom alleen toekom.

ds. Gerrit Kruger

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om **08:00** en **09:30**. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om **18:00**.

Daar word nie uitnodigings uitgestuur vir die aanddienste nie, lidmate is welkom om dit te kom bywoon.

Die kantoor sal op Maandae die betrokke lidmate per sms, per gesin, uitnooi om die erediens te kom bywoon. Dit stel alle belanghebbendes in staat om toe te sien dat die nodige registers en regulasies opgestel en nagekom word.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

| 4 Oktober | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A04 | A05 tot A08 |
| B01 tot B05 | B06 tot B10 |
| C01 tot C05 | C05 tot C08 |

| 11 Oktober | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A13 tot A16 | A09 tot A12 |
| B15 tot B19 | B11 tot B14 |
| C13 tot C15 | C09 tot C12 |




### GTA beplanning 2020


Soos baie ander goed die jaar kon ons nie die beplande tiener aksies Sondagaande na kerk hou nie en onder die huidige omstandighede is dit steeds moeilik.

Die bestuur het besluit op 3 groter aksies Vrydae, 17:00 tot 19:00, by die jeughuis. Ons nooi al die tieners van Gr 7 - 11 uit om saam te kom kuier:

- 16 Okt—Soettandaand
- 30 Okt tot 1 Nov—Staptoer
- 4 Des—Tienersafsluiting by ds Lourens se huis.

# Laerskoolkinders 4 Oktober

Skommel die letters sodat die regte woord by elke prentjie staan



kaansrpin

______________




lowigge

______________



tynwoes

______________



laagp

______________



aroaf

______________



uint

______________



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

- *Wally Wallace het 'n draai in die hospitaal gemaak (B6—071 578 3625).*
- *Klein Erasmus Bezuidenhoudt sterk tuis aan na 'n onderonsie met 'n trampolien (B3—083 633 8861).*

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Katkisasie*

Vandag: Les 20, Ps 9:1 Volgende week: Les 21, Ps 42:1

Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Mukhanyo AO

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Emeritaatsversorging

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Speelterapie praktyk.** Wietske Boon 0824114015/ wietske@childtherapist.co.za.

**Skryfbehoeftes** vir skool en kantoor, kantoor masjiene, laser-gravering. Hein Greyling 6643560/ hein@10uit10.co.za.

**3D Argitektoniese** Renderings/Perspektiewe vir Bemarking, Kommunikasie en Ontwerpdoeleindes - www.jaggedpixel3d.net. Johan Groenewald 0833816454/jagged@lantic.net.

**Instandhouding**—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; hout- of lamineervloere; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

**Hi Pro hondekos** - Hennopspark, geformuleer deur diere-dieetkundige. 8kg - R80. 10kg - R100. 25kg - R230. 50kg - R450. Monsters is gratis beskikbaar. Wally tel/whattsapp 071 578 3625.

**Mariza Mosca Professionele Rekenmeester** (SA) vir maandelikse rekeningkundige, betaalstrokies en belasting werk aan klein tot mediumgrootte besighede. Mariza 082 405 8565/mariza.saipa@gmail.com/fb: @MMProfAcc.

**Laerskool kinderoppasser/Naskool**, Valhalla. Martie de Jonge by 071 108 5944/ smitm7783@gmail.com.

**Finansiële Beplanning**. Ek spesialiseer in Risikodekking, beskerming van u huidige rykdom (wealth protection); Aftreebeplanning en studievoorsiening. Tjaart vd Walt (CFP ™) 082 824 2933.

**Huis te huur** in Potchefstroom—2 sk, studeerkamer, 2bk, 2km van NWU kampus. Kontak Frans vd Walt 082 881 2224.

**Beginner musieklesse**, Monumentpark. Mamma & babalesse; kleuterlesse; klavierlesse en musiekteorie. Eljé Oosthuizen 0766307006/beginnermusiek@gmail.com of kyk na webwerf: http://www.beginnermusiek.wixsite.com/ beginner.

**Eljada Huis—**Die volgende items word op 'n konstante basis benodig: sout, soja, rys, soppoeier, mieliemeel, suiker, sardyne in tamatiesous, gebakte bone, blikkieskos, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, tandepasta, badseep, lyfroom.

Kontak Petra Swanepoel by 082 927 7324 vir reëlings om die skenkings af te laai of u kan dit tydens die grendelwinkel in die trollie by die Jeughuis plaas.

**Eredienste op CD** Indien u opsoek is na 'n oudio-opname van 'n erediens op CD skakel gerus vir Johann Verreynne (082 554 9416).

*Laat jou lewe aan die Here oor*
*en vertrou op Hom; Hy sal sorg.*
*Psalm 37:5*

## Senior Aksie

Die Seniors vergader dv Maandag, 5 Oktober 2020 om 10:00 in die saal.

Ds Lourens kom met ons praat oor:
***Die Soewereiniteit van God***

Ons gaan daarna lekker saan kuier oor 'n koppie tee/koffie.





# VERJAARSDAE

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 Okt | Santie | Coetzer | B09 | 27725899448 |
| | Elizabeth | Holdt | B16 | 27836566067 |
| | Bokkie | Prinsloo | A06 | 27836315702 |
| 5 Okt | Gert | de Klerk | A13 | 27843996461 |
| | Bauke | Dijkstra | B07 | 27814434029 |
| | Marlie | Maree | C02 | 27824412799 |
| | Lené | vd Walt | C02 | 27605421769 |
| 6 Okt | Zinette | Cronje | C05 | 27763079223 |
| | Casper | Kruger | C04 | 27825789386 |
| 7 Okt | Helena | de Beer | A07 | 27826346625 |
| | Rassie | Erasmus | C04 | 27825749804 |
| | Rika | Kruger | B07 | 27768347774 |
| 8 Okt | Corne | Nel | B18 | 27824176286 |
| | Fransa | v Niekerk | C15 | 27788533986 |
| 9 Okt | Liesbeth | Oosthuizen | C04 | 27713199843 |
| | Manie | v Antwerpen | A08 | 27836556822 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Okt | Ivanka | vdr Merwe | A08 | 27606089857 |
| 7 Okt | Isabella | Müller | C08 | 27642766598 |
| 9 Okt | Jana | Venter | C13 | 27833021062 |

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybels-projek*** by te dra: Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing:

***Bybelgenootskap***

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skep-hoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

As jou lewe jou ware geloof weerspieël, waarvoor en vir wie is jy dan bang?